

Quo Vadis

Waar gaan u heen?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 59

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

EK VERSTAAN TOG NIE!

Jy sê jy wil eerlik wees. Jy verstaan nie wat gepreek word nie! Jy gaan nou ook maar liever nie kerk toe nie? Dis net tyd mors!

Hoe staan dit?

Is dit werklik so? Het jy eerste nie verstaan nie en toe van die kerk weggebly, of het jy eers die kerk ongereeld besoek en toe nie meer verstaan nie?

Dink eerlik na. Eerlik, want jy het gesê jy wil eerlik wees oor die saak.

Watter een was eerste? Ek is seker jou eerlikheid gaan jou met my laat saam stem: eers ongereeld die kerk besoek en toe nie meer verstaan nie.

Nou neem ek jou nie kwalik nie — ek bedoel, dat jy nie verstaan nie, maar tog neem ek jou kwalik — omdat jy veroorsaak het dat jy nie meer verstaan nie.

Onbekend maak onbemind

Het jy ook al agter gekom dat mense wat mekaar net so nou en dan ontmoet, mekaar nie goed **verstaan** nie? Vriende wat mekaar dikwels ontmoet, gereeld met mekaar kommunikeer, hulle **verstaan** mekaar goed — soms is net 'n halwe sin; net een woord; net 'n kyk genoeg!

Jy glo ook mos daaraan dat 'n mens iemand moet **ken** om hom te **verstaan** en om hom te **ken**, moet jy **met hom kontak hê**, met hom praat en hom met jou laat praat.

Weet jy, dis ook waar ten opsigte van die verhouding tussen God en jou? Hoe meer jy met God kommunikeer, hoe beter ken jy Hom, hoe beter verstaan jy sy Woord... ook wanneer dit in die kerk verklaar word. God spreek tog tot ons deur sy Woord.

Ek sê: 'Hoe meer jy met God omgaan'. Voor ek nou vergeet: het dit nie miskien al by die huis verkeerd geloop nie? Eers een aand nie gelees en gebid nie, toe al minder gelees en gebid, al minder met God te doen en toe ook nie meer 'n verhouding met God in die gemeente nie.

Verbond gehou

Weet jy, God het nog altyd gekom. Hy kom nou ook nog om jou in die erediens te ontmoet. Hy kom nou nog om Hom verstaanbaar en kenbaar te maak in die preek. Hy bly getrou, want kyk, Hy het 'n Verbond met jou opgerig en nou kom Hy, die een party in die Verbond, om Hom aan jou te openbaar.

Maar jy kom nie! Jy, die ander party in hierdie Verbond met God, jy kom nie.

Hoe? *Jy sê: jy het nie 'n Verbond met God nie?* Wat is dan jou verhouding tot God? Is jy dan nie gedoop nie? Jy is mos!

En toe het God se volk gesing:

“Verbond met Abraham sy vriend.

Bevestig Hy van kind tot kind”.

(Ps. 105:5).

Verbond, ook met jou!

Jy is aan God verbonde!

Julle **móét** saamgaan!

Hy kom om saam te gaan, om Hom verstaanbaar te maak — in die erediens. Hy, die ewige God, Hy soek 'n verhouding met jou.

En jy? Hoe meer jy met Hom omgaan — ook in die erediens! — hoe meer en beter sal jy Hom verstaan en ken, want Hy openbaar Homself al meer en meer aan jou.

Miskien sal jy, soos die dissipels van Christus, aanvanklik net hier en daar verstaan en soms verkeerd verstaan. Die dissipels kon, deur die gedurige omgang met Hom, uiteindelik in die volle lig staan en toe het hulle nie *net verstaan nie, maar ook getuig*.

God wil jou ook hierdie genade in die Verbond skenk!

A. J. Coetsee.

Sal jy more nog lewe?

"Watter mens leef daar wat die dood nie sal sien nie ... ?"

So het iemand met die naam Etan jare gelede gevra.

En nieteenstaande die wonderlike mediese prestasies van ons eeu, moet ons ongeveer drieduisend jaar na Etan erken:

"Geen een wat teen dié mag sy lewe kan behou nie."

Môre is nog 'n dag

U en ek sal ook eenmaal sterwe. Nou is ons miskien nog fris en gesond, maar miskien lei 'n hartaanval, 'n motorongeluk, 'n koeëlwond of longontsteking tot ons dood.

Alhoewel ons dit alles weet, handel ons soms só asof die dood óns nie sal raak nie. Ons stel maar uit om dit wat hinder, reg te maak. Die koestering van 'n boesemsonde, die voortdurende onmin met die bure, al daardie verkeerde dinge wat ons, reg gesien, 'n beklemming om die hart moet gee, die wilde lote wat slegte vrugte dra, ons stel maar uit om hulle weg te snoei, ons ploeter maar voort in die modder en ons sê: Daar is nog tyd ! Dis 'n fout. Die tyd om reg te maak is nie môre nie, maar nou, *vandag*. Wie sal môre lewe? Wie? Geen dokter, geen predikant, geen spesialis of operasie kan ons vrywaar van die dood nie.

Wat maak dit saak?

"Die dood is die einde van die storie".

So sê baie deesdae.

Ek hoop van harte dat jy nie hierdie mening het nie, want die dood is beslis nie die einde nie. Die dood is alleen maar 'n *oorgang*, 'n *deurgang* na die hemel, of die hel.

Die mens bestaan uit liggaam en siel of gees — noem dit wat jy wil. In elk geval, die mens is anders as 'n dier. 'n Dier het alleen 'n liggaam, maar die mens het 'n lewende siel. By die dood gaan die liggaam in die graf, maar die siel na een van twee genoemde plekke. In die hemel is die saliges, in heerlijkheid en vreugde by Christus. In die hel is die rampsaliges... in smart en pyn.

Een maal, op die laaste dag van die wêreldgeskiedenis, sal daar 'n basuin blaas, al die grafte sal oopgaan en elke liggaam sal opstaan en met die siel verenigd voortleef. Die saliges sal 'n verheerlikte liggaam hê op die nuwe aarde en die rampsaliges 'n gefolterde liggaam in die poel wat brand met vuur en swawel. So het God dit in sy Boek geskrywe.

Die pad

Ek glo dat jy ook graag een maal in die heerlijkheid wil wees by Christus. Bely dan jou sondes in die gebed voor God, glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word.

Indien jy hierdie geselsie van my met jou nie verstaan het nie, gaan spreek 'n predikant. Ja, ek stem saam, dominees is nie beter as ander mense nie, maar moontlik kan hy jou help. Lees weer jou Bybel. As jy nie meer een het nie; die boekwinkel is net om die hoek.

Gaan weer gereeld kerk toe. In die kerk word die weg tot saligheid vir ons aangewys. As ons daardie weg bewandel, hoef ons die dood nie met ans tegemoet te gaan nie. Dan is die dood ook vir jou 'n poort na die hemel !

G. A. HATTINGH

Kan God my nog help?

U kom so pas uit die dokter se spreekkamer gestap. U voel verbrysel, platgeslaan, sonder moed vir die lewe.

U het behoefte aan iemand by wie u u hart kan uitstort, iemand wat in u smart kan deel. Gewoonlik is u vrou daar om al u probleme te deel.

Dié keer is dit anders.

Duidelik klink die dokter se woorde nog in u ore: "Onder geen omstandigheid mag u met u vrou hieroor praat nie." Sy aanvanklike vrees is bewaarheid. Haar tydjie om nog te lewe is beperk, uiters ses maande. Haar siekte het so ver gevorder dat dit selfs veel gouer mag afloop. Die dokter was uitgesproke: daar kan totaal niks vir haar gedoen word nie.

Die weg waar geen weë is

Nou sê u: As daar tog maar iemand was by wie u u nood kon kla en wat u in hierdie troostelose toestand kon onderskraag. En tog . . . daar **is** iemand wat u **nóg** kan help. Daar is iemand met wie u met vrymoedigheid oor u vrou se toestand kan gaan praat.

Wie? 'n Baie bekende . . . en tog vir baie onbekend.

Hoe dit kan gebeur? Die dokter het dan beslis gesê: dit is finaal! Daar kan niks vir haar gedoen word nie. Die tydjie wat sy nog oor het, moet maar vir haar so gerieflik en leefbaar moontlik gemaak word.

Dink egter daaraan: wat by die mens onmoontlik is, is nog moontlik by God. Daarom noem ons Hom in teenstelling met die mens **God**. Hy is Almagtig en tot alles in staat.

Kan u u daarop verlaat?

U vra of daar enige sekerheid is dat God u sal help as u in die gebed na Hom gaan? Ja, as u na God gaan deur Jesus Christus wat ons met God versoen het, dan is daar sekerheid.

Nou kan ek nie presies sê **hoe** God u sal help nie. As u met u oorgegewe hart en lewe na Hom gaan, help Hy. Dit weet ek baie seker, maar **hoe** is sy saak.

Dit mag wees dat Hy u vrou weer geheel en al herstel en haar aan u teruggee. Miskien vind Hy dit beter om u op 'n ander manier te help. Ons moet altyd in gedagte hou dat God nie net u en my klein lewetjie regeer nie. Hy heers oor die ganse wêreld. U kan u voorstel watter chaos sal ontstaan as God aan elke mens se versoek sal voldoen. Gelukkig dat God dit nie doen nie. Hy verhoor ons gebede volgens wat Hy weet die beste is.

Vir u en my lyk sake dikwels maar baie deurmekaar. Van God se kant besien val alles egter soos 'n legkaart inmekaar.

Werp al jul bekommernis op Hom!

So moet ons altyd na God gaan: ons moet ons nood in sy hande lê. Dan kan ons oortuig wees dat God op die beste manier sal help.

Of God in u geval 'n wonder van genesing sal laat geskied, weet ek dus nie. Dis wel moontlik. Ek het al gesien dat daar herstel is waar die dokter dit nie kon begryp nie. Hoe dit ook al gebeur, dit weet ek: as u in Hom glo en op Hom vertrou, sal Hy u help. Hy sal vir u 'n pad baan waar nou geen pad is nie.

M. Venter. (Randburg).

KEN U HOM?

Die Seun

'n Man het twee seuns gehad.

Die jongste van hulle het vir sy vader gesê: Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom. Hy het die goed tussen hulle verdeel en nie baie dae daarna nie het die jongste seun alles bymekaar gemaak en weggereis na 'n ver land. En daar het hy sy eiendom verkwis deur losbandig te lewe.

Toe hy alles deurgebring het, kom daar 'n swaar hongersnood in daardie land, en hy het begin gebrek ly. Toe het hy hom by een van die burgers van daardie land gaan voeg. En dié het hom in sy veld gestuur om varke op te pas. Hy het verlang om sy maag te vul met die peule wat die varke eet, en niemand het dit aan hom gegee nie.

Toe het hy tot homself gekom en gesê: hoe baie huurlinge van my vader het oorvloed van brood, en ek vergaan van honger! Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u, en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge.

Die Vader

Die seun het opgestaan en na sy vader gegaan. Toe hy nog vêr was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen.

Die seun sê vir hom: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie, maar die vader sê vir sy diensknegte: bring die beste kleding en trek hom dit aan en gee 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete. Bring die vetgemaakte kalf en slag dit en laat ons eet en vrolik wees, want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en was verlore en is gevind. (Luk. 15.11—24).

Ken u die seun?

Ken u sy Vader?

Die Kerk is net vir heiliges

Ek hoor jy sê dat jy weer 'n keer by die kerk gaan inloer het. Net 'n bietjie nuuskierig gewees. Wou net aanvoel watter atmosfeer daar heers, maar vir die dinge wat daar gebeur, het jy geen trek nie. Jy het klaar besluit: die kerk is net vir heiliges en nie vir mense wat met albei voete op die aarde staan nie.

Van atmosfeer gepraat — jy sê daarvan was daar eintlik geen sprake nie. Almal het so styf-regop in hul kisklere gesit. Die orrel het eentonig sy swaarmoedige melodie uitgedreun. Verveelde toehoorders het kopknikkend gesit sonder om iets te hoor. Toe die diens self: Kerkraadslede met lang vroom gesigte, styf ingepikkewyn in die voorste gestoeltes. Op hulle gesigte daardie geofende uitdrukking van "heilige konsentrasie" Verder vroetelende kinders en lidmate wat op hulle horlosies kyk. Die kroon op alles: dieselfde sondagstem van die predikant. Nee, dit is net 'n heilige wat daarna kan luister en iets verstaan.

Na die diens het almal uitmekaargespat — elkeen terug na sy onaantasbare, goedbewaarde koninkrykie. Net hier en daar het 'n paar gereelde kliekies gestaan en praat. Vir 'n vreemdeling was daar egter beslis nie ruimte in daardie heilige konferensietjies nie.

Daarom, sê jy, is die kerk net vir heiliges, vir mense wat selftevrede terugstaan en as't ware die poorte van die ewigheid **net vir hulle** geopen sien.

Jy het klaar besluit: daardie heilige afgetrokkenheid en selfgenoegsaamheid stuit jou teen die bors? Dit ruk 'n verset in jou hart wakker, want elkeen wat buite hulle kringetjie tree, word verdoem.

Dit is dus jou gevolgtrekking: Omdat die kerk dan net vir heiliges bedoel is, wil jy God op jou eie manier dien. Daar in die vrye natuur voel jy baie nader aan God as tussen so 'n klomp heiliges?

* * *

My vriend, jy het baie dinge gesê oor die kerk. Ek kan baie van die dinge wat jy gesê het ook begryp... Op baie daarvan kan ek ook 'n antwoord probeer gee... maar ek wil jou liever 'n vraag vra.

Het jy al gehoor hoe teer die Here Jesus praat oor sy kerk? Hy noem hulle sy Bruid — só teer en liefdevol.

Weet jy Hy het nie sy kerk bymekaar gemaak uit heiliges nie. Sy boodskappers was eenvoudige manne van die viswaters. Dit was hierdie mense van eenvoud wat die wêreld aan die brand gaan steek het met die boodskap van verlossing vir almal wat in Hóm glo, hoe eenvoudig hulle ook al is!

Hy wil jou ook laat glo en laat deel in sy verlossingswerk, maar die Here werk wonderlik met 'n mens. Daardie geloof in die hart gee Hy nie soos met 'n bliksemstraal nie. Dit kán Hy wel doen, maar Hy wil liever daarvoor mense gebruik: sy kerk en sy ampsdraers.

Vergeet daarom maar van die eentonige stem van die predikant en die "atmosfeer" waarvan jy praat. Onthou net: God wil aan jou ook die groot skat van die geloof gee en daarvoor kan Hy ook daardie eentonige stem gebruik...

Jesus het ook vir mense gaan preek.

Nie vir heiliges nie — vir siekes, verlamdes, armes, tollenaars... So het Hy sy kerk gebou. So berei Hy sy Bruid toe. Jy sal haar ook liefkry — hierdie Bruid van ons Verlosser wat ook jou in haar liefde wil koester en jou na haar Bruidegom wil neem.

Nie heilige mense nie, my vriend, maar sondaarmense soos ek en jy... dit is hulle vir wie Sy roep...

Gaan jy kom?

Die Bruidegom wag vir jou.

Die Bruid ook...

C. J. H. Venter.

MOEILIK?

Om tot die geloof te kom, is geen ingewikkelde proses nie. In werklikheid is dit ontsaglik eenvoudig.

Iemand het gesê dat hy dit nog nooit korter en mooier uitgedruk gehoor het as in die woorde van 'n Engelse grafopskrif nie:

FREDDY!
Yes Lord

Ek bid nog so af en toe

Die rede?

Het u teleurgesteld geraak in die gebed en nou voel u geen behoefte om gereeld nog tot God te bid nie?

U sê: "Nee, ek het nog soms behoefte om te bid, wanneer die lewe my neerdruk en alle paaie vir my doodloop. Maar elke dag en dan nog meer as eenmaal per dag te bid . . . daartoe voel ek eenvoudig geen behoefte nie!

Miskien wil u nie meer gereeld bid nie omdat u bang is dat u van die gebed 'n blote gewoonte sal maak, 'n koue herhaling van oorbekende en geyskte terme. Miskien het u op een of ander stadium in u lewe tot die slotsom geraak dat dit nie help om te bid nie.

Dit kan ook wees dat u êrens in 'n losieshuis inwoon, of in 'n koshuis, of hotel. U voel dat daar geen rustige geleentheid is om in stilte te bid nie en so het u afgeleer om gereeld te bid.

Ook is dit moontlik dat u lewe so gejaagd is dat daar net nie meer tyd is om gereeld te bid nie. Dan word u gebedslewe al meer en meer ontwig. Dan bid u naderhand net so af en toe.

Maak dit saak ?

U dink u verloor niks daarby nie. U meen dat u só, sonder gereelde gebed, ook oor die weg kom. 'n Haastige gebed, af en toe, sal u in staat stel om op die stormsee van die lewe veilig voort te vaar, so meen u.

In werklikheid word u tot in die diepste van u bestaan aangetas, en geleidelik neem u geestelike krag en weerstand af, "want", het Jesus gesê, "sonder My kan julle niks doen nie".

God gee sy genade en sy Heilige Gees slegs aan hulle wat Hom sonder ophou daarom bid en daarvoor dank. God gee krag en besieling om die kruis van die lewe te dra, om teleurstellings te bowe te kom, slegs aan hulle wat gereeld en getrou in diepe afhanklikheid dit alles van Hom vra in die gebed.

Die asemhaling van die siel

Wie nie gereeld bid nie, is besig om geleidelik te verswak, geestelik te verarm, net soos die mens se liggaam geleidelik verswak as hy nie meer gereeld eet nie.

Om aan die lewe te kan bly, moet 'n mens reëlmatig asemhaal. Dit doen jy vanself. Sonder asemhaling, sonder 'n gereelde toevoer van suurstof, kan jou longe, jou hart, nie aan die lewe bly nie. Gebed is niks anders nie as die asemhaling van die siel!

As hierdie reëlmatige geestelike asemhaling versteur word, kwyn jy geestelik weg... totdat jy op 'n dag tot die ontstellende ontdekking kom dat jy gebroke is, dat jy nie meer kans sien vir die lewe en sy stryd nie, dat daar vir jou niks meer is wat die moeite werd is om voor te lewe nie.

Hoe kan jy swyg ?

As jy die band met God, die gereelde omgang met God deur middel van die gebed, ontbeer, kan jy nie waarlik lewe nie.

Die belangrikste van alles nog, God wag op jou gebed. Hy het jou geskape, Hy het jou deur die lewe gedra en bewaar tot nou toe. Hy wil nie dat jy verlore sal gaan nie. Hy wil dat jy steeds aan Hom verbind sal bly. Hy wil gereeld jou stem hoor waar jy in die gebed tot Hom spreek, woorde van lof en dank en aanbidding.

Daartoe het Hy jou geskape, om Hom te loof en te prys. Hy wil jou dankbetuiging elke dag hoor, veral vir die feit dat Jesus Christus op Golgota aan die kruis gesterf het om sondaars te red.

Daarom roep ons u toe:

Glo in God, die Vader en die Seun en die Heilige Gees... en: "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus" Fil. 4:6, 7.

PH. SNYMAN.

WAT IS DIE DOOD?

'n Pasiënt, wat reeds lank en ernstig siek was, het eendag aan sy dokter gevra of daar vir hom nog hoop op herstel was. Die geneesheer het die vraag eers probeer ontwyk, maar omdat hy spoedig besef het dat sy pasiënt met niks minder as die waarheid tevrede sal wees nie, het hy dit vertel. Daar was vir die pasiënt nie meer lank tyd oor om te lewe nie.

Toe het die pasiënt meteens gevra: "Dokter, wat is die dood?" Dit het die geneesheer nie gehelp om te sê dat hy dit nie weet nie, want sy pasiënt het daarop aangedring. "Dokter, u moet my sê; daarom juis het ek u ingeroep, omdat u 'n gelowige is".

Die geneesheer het 'n idee gekry. Hy het die deur van die kamer oopgemaak en na sy hond, wat in die motor was, geroep. Stertswaiend het die dier die kamer ingekom. "Daar het jy dit", het die geneesheer gesê, "die hond was nog nooit in hierdie vertrek nie. Tog het hy dadelik en met blydschap ingekom. sy baas het geroep"

"Om te sterf is iets soortgelyks: om te kom waar jy nog nooit was nie. Alles is vreemd, maar één ding weet jy: My Here is daar en Hy roep my. Daarom kan ek gaan, gerus en met vreugde; ek ken sy stem en sy genade in Christus Jesus".

(Oorgeneem)

DIE TUIE HET GEBREEK...

Dis 'n Oktoberaand in die jaar 1954. 'n Rytuig, bespan met vier perde, ry langs die Seine in Parys en swenk meteens na 'n brug sonder traliewerk. Die voorste perde steier terug en keer regsom na die rand van die brug. Voordat hulle gekeer kan word, stort hulle oor die brug en verdwyn in die diep waters van die Seine, maar die rytuig word nie saam gesleur na 'n gewisse dood nie, want... op die kritieke oomblik het die tuie gebreek.

In dié rytuig sit Blaise Pascal, die beroemde wiskundige, 'n fynsinnige geleerde. Hy het buite God en Christus om gelewe. Toe was hy 31 jaar oud. Plotseling is hy egter geplaas in die grenssituasie van sy lewe: die donker nag, die verskrikte perde, die stromende water en agter dit alles die grimmige gestalte van die dood.

Maar die tuie het gebreek ...

Pascal, so word aangeneem, is op Christus gewerp.

'n Maand later, die 23ste November 1654, skrywe hierdie man: "God van Abraham, God van Isak, God van Jakob, nie die God van die wysgere en geleerdes nie, maar die God van Jesus Christus. Hy laat Hom nie vind anders as deur die weë geleer in die evangelie nie."

God gebruik skokkende gebeurtenisse om 'n mens tot inkeer te roep...

Onthou u nog daardie motorongeluk en u wonderbaarlike redding daaruit?

Sal die tuie volgende keer weer breek?